MOEDERKERK
KRUISKERK

www.moederkerk.co.za / www.kruiskerk.co.za

336 jaar van genade
1686—2022

'n Rivier van Lewende Water

NGK Stellenbosch

# Gemeenteblad

Volume XXII: Nr 1: Eerste Semester: 2022

Kyk binne vir:



"Love in Stellenbosch" 3




Hoop vir die kerk 5



My honger is gestil! 7



Predikant met passie



Kruiskerk-Kronieke 10



Kuierfees 12



Lidmaatontploffing! 14



Ouma vertel 16

# Pinkster – die asemhaling van die kerk

"Die Gees is gegee, sodat gewone, sterflike mense in 'n sekere sin kan word wat Jesus ook was, naamlik deel van God se toekoms wat in die hede inbreek en die plek waar hemel en aarde ontmoet. Ons (die kerk) gevul met sy Gees, word die manier waarop God sy koninkryk uitbrei." So klink die woorde van die teoloog N.T. Wright in *Simply Christian*.

Die Gees van God maak dit vir gewone mense soos ons (die kerk), wat Jesus volg, moontlik om in die wêreld die goeie nuus van Christus in te dra en daarin te toon dat die Bose oorwin is en dat 'n nuwe toekoms aangebreek het. 'n Nuwe wereld is oopgebreek en ons is deel daarvan. Pinkster is die seisoen van die kerkjaar waarin ons veral hieroor wil nadink.

Die Bybel gebruik verskeie metafore om aan ons te verduidelik hoe die Gees van God werk. Die Gees van God is nie 'n onpersoonlike "iets" of "krag" nie. Die Gees is God. Sommige se selfs die Gees is "God die Moeder" wat ons troos en lei. Die Gees (Hebreeus: *ruah*) beteken ook "asem" of "wind" en dui op iets sags (dink byvoorbeeld aan die gladheid van jou asemhaling) maar ongelooflik kragtig (dink aan die krag van wind en lugdruk). Ons sien dit so



duidelik in die skeppingsverhaal in *Genesis* 1, waar ons lees dat die asem van God sweef oor die chaos (die "woeste en leë" kosmos) en dan begin opruim en orde skep.

*Vervolg op 2*

## Paasviering as passiewe protes

Agtuur Sondagoggend. Ek moet kies – kerk of werk? Die studente se werkstukke verder nasien, of eerder kerk toe gaan? Skape dip of in die bakkie klim en kerk toe gaan? Die gesit en sing en gebid in die erediens is tog net tydmors. Ek kan my Sondag sekerlik veel meer produktief inrig.

Die feit bly staan – kerk toe gaan ís inderdaad tydmors. Ons kán ongetwyfeld produktief wees deur te doen wat ons die res van die week ook doen. Aanlyn-eredienste is natuurlik in hierdie verband wonderlik, want ek kan strykwerk doen en terselfdertyd kerk toe gaan, of ten minste al daai gebid en gesing *fast forward* en, terwyl ek na die preek luister, aan Maandag se notule werk. So watter sin het dié kerk-toe-ganery?

Die eerste drie gebooie in *Eksodus* 20 gaan oor kerk toe gaan. Oftewel, oor aanbidding. Gebooie een, twee en drie gaan oor Wie ons moet aanbid en hoe ons dit behoort te doen. En dan skep gebod nommer vier die ruimte waarbinne die aanbidding gedoen kan word – hou op werk, net vir een dag.

Hierdie oproep tot nié werk nie, tot "leeglê" is onverstaanbaar in 'n era van radikale vorme van kapitalisme en ekstreme verbruikerisme. Ondenkbaar die gesit en sing en gepreek, terwyl daar dringend

*Vervolg op* 2



## Die Gees as Asem

**Hoofberig *voortgesit***

Ons leef in tye waarin die wêreld en ons eie gemeenskap van Stellenbosch na onder andere hierdie twee eienskappe van die Gees smag. Aan die een kant, God se troos en leiding, maar aan die ander kant ook die kragtige werking van die Gees, wat skep en opruim en nuwe lewe bring.

Die wonder van Pinkster is dat God sy Gees aan ons elkeen (aan sy kerk) gee, sodat ons met ons lewens en handelinge in die hede kan inbreek en deel kan wees van gebeure waar hemel en aarde ontmoet. N.T. Wright skryf die volgende oor die kerk van die Here: *Those in whom the Spirit comes to dwell are to be people who live at the intersection between heaven and earth with their passion for justice, longing for spirituality, hunger for relationships and yearning for beauty."*

Mag ons as Moedergemeente daarom in hierdie seisoen van Pinkster blywend na geleenthede en momente soek waar ons reg kan laat geskied in ons gemeenskap, waar ons dieper kan groei in ons verhouding met God, met mekaar en met ander en waar ons die mooi van God se Koninkryk sigbaar maak. Só word ons deel van God se nuwe wêreld wat nou reeds aanbreek.

*Marié Britz*

oºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoºoº

## Passiewe protes

**Tweede Hoofberig van bl 1 af**

oplossings vir armoede en werkloosheid gevind moet word.

Onverstaanbaar is die tydmorsery op 'n Sondag wanneer Moeder Aarde onder ontsaglike druk is en ons dié tyd kan gebruik om oplossings vir die ekologiese krisis te vind.

Iets wat kan help met oplossings in ons eie dag, oplossings vir die meeste van die uitdagings wat hier genoem word, is gesetel in kerk toe gaan – in *heilige tydmors*. Soms moet ons die pas net 'n raps markeer, net 'n komma in die paragrawe van ons besige lewens inbou. Natuurlik is ons bedrywighede en gejaag verstaanbaar in 'n uitdagende finansiële klimaat. Werk is goed en nodig. Tog, ironies genoeg, is deel van die oplossing van sommige van ons probleme, juis gesetel in tydmors, maar 'n spesifieke soort tydmors, te wete: 'n rusdag en kerk toe gaan.

Sommige mense wat hierdie rubriek lees, beskou hulself nie as aktiviste wat sommer met plakkate aan 'n optog gaan deelneem terwyl hulle opruiende liedere sing ter ondersteuning van 'n belangrike kwessie nie. Wel diegene wat op Sondae nie werk nie; mense wat 'n Sondag anders inrig as 'n Donderdag; daardie mense wat Sondae die pas van gejaagdheid en produksie en funksionaliteit, van *meer is altyd beter*, markeer, nie gewoon net aanhou werk nie en vir ongeveer 'n NG "uurtjie" lank onbetaalde verlof neem; hierdie kerkgangers ís, deur dit te doen, of hulle dit wil weet of nie, radikale anti-*establishment* aktiviste en protesteerders wat 'n baie helder boodskap die wêreld met hulle tydmorsende optrede instuur.

Deur 'n periode van 24 uur se nie werk nie te kombineer met bid en sing en bely, boetseer mense daardie tyd en vorm so 'n spesifieke soort tyd wat radikaal anders is as die ander ses maal 24 uur van elke week. En dit sit haaks op ons samelewing. Mense wat dit Sondae doen, ís dwars en laat God toe om hulle lewens te rig en vir die wêreld te wys – dinge kan ook anders gedoen word. Ja, nie werk nie en kerk toe gaan op 'n Sondag wys juis dat wanneer ons tydens die ander ses dae bedrywig is, dit wat ons doen op 'n goddelike wyse gedoen kan word. Deur nie-funksionele kérk toe gaan, ontwikkel 'n houding wat nie die aarde as 'n kommoditeit hanteer en verinneweer nie. Mense wat Sondae só tydmors, heilig in hierdie skepping die Sondag, die dag van die opstanding.

Die Christelike Sondag se wortels lê in Paasfees, die fees waar lewe uit die dood verrys. Elke Sondag is 'n Paasfees, dus *nie* die sewende dag nie, maar die *agste* dag, oftewel die eerste dag van die nuwe, die dag van lewe uit die dood, van moontlikheid, van herskepping. En al die Sondae van die jaar kring van Paasfees af uit soos van 'n episentrum af.

Om só in hierdie skepping die God van skepping en hérskepping te aanbid, laat die tydmorsers anders kyk na die aarde waarop hulle tydelik woon. Hierdie soort passiwiteit wat geanker is in Pase, is broodnodige protes in ons dag; dis deelname aan God se herskeppende handelinge.

*Cas Wepener*

Met verlof uit die *Kerkbode* oorgeneem: https://kerkbode.christians.co.za/2022/04/12/paasviering-as-passiewe-protes/

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

## Boodskap van Moederkerk se nuwe Kerkraadsvoorsitter af




*As tweede oudste NG gemeente in die land ervaar die Moederkerk dat die Here al eeue met ons op reis is. Die gemeente en die Kerkraad wat onlangs uit ons midde verkies en in die amp bevestig is, volg in hierdie tradisie: die lewende geloof van ons voorgangers.*

*Die Kerkraad is hier om die gemeente te dien, die gestalte van Christus te beliggaam, en om die gemeente te lei om in die tye waarin ons leef met geloofsonderskeiding en in geloofsgehoorsaamheid in ons dorp, ons land en ons wêreld 'n Rivier van Lewende Water te wees.*

***Hans Combrink***

Sien bladsy 5 vir foto's van nuwe kerkraadslede.
met elk se hoop vir die kerk

# Sisterly love (Brothers included)



For almost seven years now, since I became a minister in the United Reformed Church in South Africa (URCSA) Kayamandi, our congregation, URCSA Stellenbosch, URCSA Idasvalley and the Dutch Reformed Church Moederkerk have been working together as "twin," or rather, *sibling*, congregations.

This relationship has been strengthened by *INDLELA* (the way) which comes from the early Christians who were called "People of the way" (*abantu balondlela*). Our colleague, Rev. Johan van der Merwe, initiated this life calling with us and Rev. Jan Van Zyl also became involved in this process. Members did things together, such as walking together, eating together and praying together, while also supporting each other in their life challenges.

In this INDLELA people listened to each other's life experiences, learned from personal, congregational and community challenges, prayed together. Kayamandi Congregation has been blessed to have been part of INDLELA and in working closely with the other sibling congregations. There are various reasons.

First, this is what we call the **real church of God** in its search for the true church. Our strength as the church in Stellenbosch community is when we do things together.

Second, as Ministers of these congregations, we believe that we are not just Ministers in our congregations, but we are also Pastors of and for our immediate communities and the broader Stellenbosch community.

Lastly, our mission is to serve everyone in our Stellenbosch community, but also to support each other's congregational ministry in all forms. The Moederkerk has been a blessing to us at URCSA Kayamandi.

The congregation of Kayamandi suffered severely during Covid-19. People lost their jobs, couldn't feed their families and couldn't attend church services. The financial life of URCSA Kayamandi has been affected badly, until now.

Fortunately, through the help of the Moederkerk, we could do many things. We could also do up small grocery parcels for



our elderly people in the congregation (see pictures), even during the hard lockdown, where Stellenbosch Unite was also introduced to us.

The Covid-19 lockdown badly affected our worship services on Sundays. People are no longer attending church services as normally. We have lost about two elderly women between January and March this year, and they were very supportive in our church. We only remain hopeful that the church attendance will regain its strength and that our continued INDLELA gatherings will also provide a space for listening anew to each other's experience of Covid-19 reality.

We remain prayerful and hopeful that the Lord will make things new again after this pandemic. URCSA Kayamandi would have been *non-existent* today, without the support of each of the others, especially during these challenging times of Covid.

May the Lord bless our brotherly and sisterly love for each other, as we cannot be a reflection of a true church of God if we are alone in the Stellen bosch community and in the world.



*Rev Sipho Mahokoto, Pastor at the United Reformed Chuch in Kayamandi, is also involved with the Theological Seminary*





---

**GEMEENTEBLAD REDAKSIE**

Jo-Marie Claassen
021 883 2956
jmc@adept.co,za

Anna du Toit
021 855 2223

Marlene Cloete
021 887 2104

Irénée Heyns
082 461 8564
irenee@moederkerk.co.za

**Bestellings**:
kantoor@moederkerk.co.za
021 883 3458

**BROEDERLIKE LIEFDE (SUSTERS OOK WELKOM!)**

Op 'n vriend se liefde kan jy altyd reken; jou broer is daar met die oog op jou nood! *Spreuke* 17:17

Wie sy broer liefhet, bly in die lig, en daar is niks wat hom laat struikel nie. 1 *Johannes* 2:10

Julle moet mekaar liefhê met innige broederliefde. Wees gretig om aan mekaar respek te betoon. *Romeine* 12: 10

OORLOG IN UKRAÏNE

# Die dogtertjie in die rooi jassie

Ek wil nie meer na die oorlog in Ukraïne op TV kyk nie, maar tog kyk ek, want ek wil weet wat daar gebeur. Dit is byna soos die gruwelflieks waarna ek nie kan kyk nie en dan my oë en ore toedruk, maar omdat ek tog wil weet, moet die ander dan vir my vertel wat gebeur... Die vasberadenheid, moed, dapperheid en vryheidsdrang van die Ukraïniers is absoluut aangrypend en daarom hoop ek dat miskien, net miskien, daar onverwags vrede sal kom. Dáárvan wil ek niks misloop nie. Wanneer 'n militêre deskundige soos professor Michael Clarke insigte oor die oorlog op die BBC-nuusprogram deel, gaan dit hoofsaaklik om strategieë, wapentuig en troepe se bewegings en word die wrede werk-likheid meer hanteerbaar. Selfs om na tenks te kyk wat vir kilometers onheilspellend aanrol, is nie so moeilik nie, want die monstermasjiene verdwerg die menslike aspek. Maar dit is die vroue en kinders se pyn wat diep in jou menswees getatoeëer word, net soos die dogtertjie met die rooi jassie in die fliek *Schindler's List,* wat jy nooit sal kan vergeet nie.

Die een rooi-jassie-herinnering wat in my geheue vasgeanker bly, is die gewonde, bebloede, vér swanger vrou, wat op 9 Maart op 'n draagbaar uit die kraamhospitaal in Mariupol uitgedra is, nadat die Russe 'n bom op die hospitaal gegooi het. Sy het op 'n dieprooi duvet met swart kolle gelê en sy het haar hand beskermend oor haar maag gehou. Nie sy of haar baba het uiteindelik die aanval oorleef nie. Deur hoeveel pyn en angs het sy nie gegaan nie? Kon iemand nie haar hand vasgehou het toe hulle haar daar uitgedra het nie? Ek sal altyd wonder of sy haar pasgebore baba net één keer kon vashou en die sagte, nat lyfie kon voel.

Die ander vrou wat ek nooit sal vergeet nie, is Lida Vasylivna, wat tydens die TV onderhoud met 'n langsteelpik besig was om aartappels in netjiese akkers te plant, terwyl Russiese grofgeskut in die verte duidelik hoorbaar was. Sy woon stoksielalleen op die rand van Orikhiv, terwyl haar man, wat reeds twee beroertes sedert die begin van die oorlog gekry het, en ook hul kinders, in 'n gemeenskaplike skuiling 'n paar myl daarvandaan skuiling soek. Maar die dapper vrou bly alleen op hul plasie agter om na die diere te kyk en aartappels te plant. Op die vraag waarom sy alleen in die lewensgevaarlike omstandighede bly, was haar kort, reguit antwoord: "Want mense moet eet." Omdat dit té gevaarlik is om in hulle huis te slaap, slaap sy in 'n klein, donker keldertjie onder die grond, waar die aartappels gedurende wintermaande gestoor word. Daar is net 'n matras en 'n deken om die sterk, hardwerkende vrou teen die koue en die Russe te beskerm. Sy het alreeds soveel verloor: 'n gesonde man aan haar sy, haar kinders se samesyn, die warmte van haar huis, maar sy plant reeds vir die volgende seisoen, want "mense moet eet".

Vroeg in Maart vanjaar het 'n witkopvrou met 'n blou baadjie in Bucha op haar fiets huis toe gery. Haar dogters was reeds oor die grens in Pole, maar sy het besluit om te bly om ander te help. Sy was op





pad terug van die winkelsentrum waar sy vir 'n week lank kos gemaak en uitgedeel het.

Toe sy om die draai gaan, het sy niksvermoedend afgeklim en haar fiets begin stoot. Die hommeltuigopname toon duidelik hoe Russiese soldate in tenks die onskuldige vrou ingewag en doodgeskiet het. Iryna Filkina is aan haar bloedrooi, kunstig geverfde naels uitgeken deur die grimeerkunstenares Anastasia Subacheva wat vir haar grimeerklasse gegee het. Anastasia het op CNN verduidelik dat die hartjie wat Iryna op haar nael geverf het'n simbool was van die feit dat sy besig was om lief te raak vir haarself. Die spierwit hand met helderrooi naels vertel die storie van dapperheid in die gesig van wreedheid, van versorging en self-agting en 'n vrou wat volgens haar dogter besig was om haar lewe te herbou. Sy is Mama Ira deur haar dogters en dié se vriende genoem, omdat sy die besonderse vermoë gehad het om te versorg en te vertroos. Dit het indirek tot haar wrede, sinlose dood gelei.

'n Vér swanger vrou, of 'n mamma met 'n pasgebore baba sal my nou altyd herinner aan die jong mamma en haar baba wat in Mariupol gesterf het. Ek sal nooit weer aartappels kan eet nie, sonder om aan Lida Vasylivna te dink, wat byna vreesloos, midde-in lewensgevaar, sorg dat daar vorentoe kos vir haar mense sal wees. Bloedrooi naellak of naels sal altyd die herinnering aan Mama Ira se selflose versorging van ander en haar nuutgevonde selfliefde, wat so wreed kortgeknip is, oproep. Drie rooi-jassie-herinneringe aan die aaklige, wrede realiteit van die oorlog, het in my bewussyn en in my hart vasgegroei.

'n Paar Sondae gelede vertel Irénée dat die aktrise Oliwia Dabrowska, wat ongeveer 28 jaar gelede die rol van die dogtertjie met die rooi jassie gespeel het, tans in Pole besig is om Ukraïniese burgers te help om van die oorlog te ontvlug. En, soos in die bekende film *Schindler's List*, waar Schindler meer as 'n duisend Jode van 'n gewisse dood gered het, is sy nou besig om onskuldige lewens te help red. Op haar *Instagram*-inskrywing skryf Oliwia so oor die dogtertjie met die rooi jassie: "Sy was altyd 'n simbool van hoop, laat haar dit wéér wees." En terwyl hy van haar vertel, loop die trane oor my wange.

Ek kan nie meer na die oorlog in Ukraïne op TV kyk nie.

*Jeanette De Klerk-Luttig*

(Met verlof uit *Die Burger* oorgeneem.)

HANS BESOEK UGANDA

## Vergadering in Entebbe



Drie weke gelede het Hans Combrink die voorreg gehad om deel te wees van die vergadering van die Direksie van SIL Internasionaal (voorheen *Summer Institute of Linguistics*) in Entebbe, Uganda. Hans moes op Sondag 1 Mei in 'n plaaslike kerk tydens 'n erediens (wat vir VIER uur aangehou het) preek . Ander raadslede het ook in verskeie gemeentes gepreek en oor die werk van SIL gepraat. Dit was 'n geleentheid om kerkleiers en gemeentelede te ontmoet en te ondersteun.

Op 2-3 Mei het ons drie verskillende Bybelvertaalprojekte besoek: die Bagwere-, Buruli- en Bunyole-gemeenskappe. Die 6-7 uurlange rit heen en terug het ons onder die indruk gebring van die land en sy pragtige mense en ons ook bewus gemaak van die Here se beskerming op die gevaarlike paaie… die bussie waarin Hans gery het, was op 'n haarbreedte ná in 'n kop-aan-kop botsing met 'n aankomende vragmotor betrokke!

Die Bagwere, waar Hans se groep op besoek was, het in 2017 die Nuwe Testament tydens 'n inhuldigingseremonie ontvang, waar die president van Uganda betrokke was! Hulle getuig hoe die vertaling van die Nuwe Testament menswaardigheid, eensgesindheid, en samehorigheid in hulle gemeenskap teweeggebring het.

Ons het die vertaalspan en kerkleiers van vyf denominasies ontmoet. 'n Sanggroep het skrifberymings in Lugwere gesing op begeleiding van etniese instrumente, onder andere, en 'n harp wat volgens kenners byna identies lyk op die harp wat Dawid, glo bespeel het.

*Vervolg en foto's hieronder (Bladsy 5)*

SEWE NUWE KERKRAADSLEDE

# *Uit verskillende oorde, maar met één hart, één hoop, en één Here!*




**Leslie van Rooi** is verbonde aan die US as Senior Direkteur Sosiale Impak en Transformasie en inwonende hoof van Simonsberg koshuis.

Hy skryf: "Die kerk moet toenemend 'n ruimte word wat insluit, verwelkom, en uitdaag. Sodoende bied dit aan elkeen die ruimte om 'n verskil in die wêreld te maak en om daardeur God se Woord uit te leef.

"**Bowenal is die kerk 'n draer van hoop**: dit maak waar, dit maak lig, dit maak moontlik."

**Katrina Wiid** vertel:

"Avontuur vir my is om te kan stap en kamp en buite in die natuur diep asem te kan haal. Van my gunstelingplekke is berge en woude. Die woude van die Pafuri -driehoek is veral spesiaal. **Ek is lief vir ons land en sy mense.**




"Opstandingssondag tydens die tuindiens het elkeen sy kers by die Christuskers aangesteek. Die donker vertrek was eensklaps verlig deur almal se klein vlammetjies wat sáám gebrand het. **My hoop vir die kerk is herlewing**. Elke dag. Vir groot vlamme. Vir ander in nooi. Om te ervaar hoe God se Koninkryk 'n realiteit in ons lewe word."




**Kara Hutten** is 'n vierdejaar Teologie-student op Stellenbosch. Sy bly al vier jaar in die Echo-huis in Jamestown, en as 'n leier/mentor geniet sy dit baie om saam met mense met diverse agtergronde, te woon.

**Haar hoop vir die kerk** is dat ons sal aanhou om oop te wees vir uitdagings wat ons geestelik sal laat groei, ook as 'n gemeenskap van gelowiges wat die mense om ons as medemense raak sien, geskep volgens God se beeld.




**Martjie Malan** is lief vir mense. Sy poog om haar lewe met mense uit alle oorde te vul. Sy wil graag 'n waardevolle bydrae in die gemeenskap maak. Sy het tans 'n bakkery en verskaf gebak aan verskeie instansies. Sy het 'n besondere liefde vir onderwys en opleiding, met die doel om waarde tot mense se lewens te voeg en hulle lewenskwaliteit te verbeter. Haar man, Christo, en haar drie kinders (en nog een op pad) deel híérin.

**Haar droom vir die kerk** is om 'n geloofsgemeenskap te skep waar mense, deur die werking van die Heilige Gees, 'n wêreld kan bou waarin mense mekaar met empatie liefhet, respekteer en mekaar omarm.




**Jurie De Kock,** 'n gebore Overberger, is vir die afgelope vyf jaar trotse inwoner van Stellenbosch. Hy en my vrou, Anri, is ook trotse ouers van vier seuns. Hulle geniet die buitelug en om tyd op die strand deur te bring. Sy stokperdjies sluit in draf, gholf speel en lees.

**Sy wens vir ons Kerk** is dat ons almal daagliks waarlik 'n stroom van lewende water vir mekaar en die wêreld om ons sal wees.






**Jaco Nel** is ingenieur van beroep wat sy tyd aan die verkoop van kapitaalgoedere in die landbouomgewing bestee. Hy en sy vrou, Henriëtte, is geseën met drie seuns. Hulle woon sedert 2014 op Stellenbosch en is sedertdien lidmate by die Moedergemeente.

**Sy hoop vir die kerk** is om werklik 'n verskil vir ander te maak deur die Lewende Water in ons gemeenskap uit te dra. Dat ons inklusief sal wees en Jesus-liefde sal uitleef.




**Charl Cronje** werk aan 'n graad in Sportwetenskap. Hy is dankbaar vir sy band met Jesus, al laat dit hom soms alleen in die wêreld voel. Draf, veral in die berge, is sy groot liefhebbery en hy draf graag ten bate van liefdadigheid.

**Charl se droom vir die kerk** is dat elke Christenlidmaat aktief op die nood om ons sal reageer, en sonder egoïsme sal dien, sonder om die wêreld se lig te probeer vang. Dat ons in eenvoud meer tyd vir God se koninkryk sal inruim. Dit is al ding wat werklik saak maak.

### *Hans se besoek aan Uganda (Voortgesit )*


Vier die Bybel!

Na afloop van die raadsvergadering (wat Hans moes lei), in die loop van die volgende twee dae, het ons 70 predikante van dwarsoor die land onthaal en hulle geleentheid gegee om te gesels oor die behoefte aan die vertaling van God's Woord en die krag van die vertaalde Woord in hulle taalgroepe.

God is aan die werk in Uganda en dit is wonderlik om iets daarvan te kon meemaak!


HC


Hans in die Bagwere gemeenskap


Hoof Uitvoerende Beampte van SIL links, met lede van die tradisionele orkes

Regs:

Direksie van SIL Internasionaal



# FANS

## INTERNASIONALE STUDENTEBEDIENING



Ons is dankbaar vir internasionale studente wat hul doktorgrade en meestersgrade tydens die April gradeplegtigheid van Universiteit Stellenbosch kon verwerf.

Dr Van Tibus van die Filippyne het sy PhD in Teologie behaal. Die internasionale erediens gaan hom mis met sy hulp met prediking en betrokkenheid by die aanbiddingsgroep en leiersgroep. Dr Tibus gaan missiologie in die Filippyne doseer. Hosana van Madagaskar het haar PhD in Wiskunde behaal. Sy was lid van die Libertaskoor en deel van die aanbiddingsgroep by internasionale eredienste. Dr. Olubamiwa van Nigerië het ŉ PhD in Ingenieurswese behaal en het voorheen tegniese hulp by die internasionale erediens verleen. Dr Mwawi Chilonongozi van Malawi het haar PhD in praktiese teologie verwerf. As leraar het sy gekyk na die rol van die kerk in die ekonomiese bemagtiging van vroue in Malawi. Die internasionale erediens was ŉ geestelike tuiste vir al hierdie graduandi.

Daar word vir ŉ **oorgangsfase** beplan wanneer Ds Tyler Helfers van die Christian Reformed Church in die VSA as opvolger van ds Goosen Stellenbosch toe kom. Meer fondse moet gevind word vir hierdie oorgangsfase en die voortsetting van die bediening voordat Jurie in Februarie 2023 aftree. Baie dankie aan bestaande donateurs van hierdie geloofsbediening. Ds Helfers gaan nou saamwerk met Stellenbosch Moederkerk en is tans besig met fondswerwing in die VSA.

Magdaleen Goosen kan nog amptelik vyf jaar met arbeid voortgaan. Sy fokus op ondersteuning van vroue en kinders van studente. Sy help met berading, soek van blyplek, vind van plek vir kinders in skole en skakeling met die Stellenbosch gemeenskap.

### Ander Nuus: Die Situasie in Sri Lanka

Ds Arul Nadarajah was ŉ internasionale student in Stellenbosch en is die hoof van die Metodistekerk se teologiese Opleidingsentrum. Arul berig vanuit Sri Lanka die volgende:

ŉ Ernstige ekonomiese krisis word tans in Sri Lanka ervaar, die ergste sedert hul onafhanklikheid. ŉ Tekort aan petrol en lang kragonderbrekings dra by tot frustrasie en ŉ gevoel van hopeloosheid onder die bevolking. Die regering het ŉ noodtoestand afgekondig en die bevolking ervaar dat hul nood nie gehoor word nie. Die kerk in Sri Lanka het ons voorbidding vir die verslegtende situasie op die eiland nodig.

ŉ ***"Worship of the Nations"*** is op 9 April deur ons aanbiddingsgroep gereël. Groepe van verskillende lande het liedere in verskillende tale gesing. Ons het iets beleef van Openbaring 7:9: *"Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en die Lam gestaan"*. Bid asseblief vir die internasionale studente wat terugkeer as dosente of tot ander leiersposisies in hul eie lande.

Bid asseblief vir ons geloofsbediening, wat afhanklik is van vrywillige bydraes van donateurs en gemeentes. Raak as vrywilliger by hierdie strategiese bediening betrokke .

Kontak Jurie Goosen by goosens@isales.co.za

**Besonderhede vir donasies via Stellenbosch Moederkerk**

| | |
|---|---|
| Rekeninghouer: | NG Kerk Stellenbosch |
| Bank: | Nedbank |
| Rekeningnommer: | 149 804 3232 |
| Takkode: | 149821 |
| Verwysing: | **FANS plus u eie van** |

**AUGUST BASSON VERTEL:**

## Die droogte is gebreek!

**April 2022**

Die afgelope jare het ons land baie swaar getrek onder die droogte. Daar het ook ’n ander droogte in my lewe gewoed. Covid het my werk geen guns gedoen nie. Die afgelope twee jaar was nie maklik nie. Net soos die reën wyd oor ons land uitgesak het, voel dit vir my die werksdroogte is nou gebreek.

My werk om jong sendelinge uit Afrika in die veld te kry, het uiteindelik weer begin momentum kry. Thato en Nkamo het in November getrou. Hulle opleiding- en keuringsproses is agter die rug en nou maak hulle gereed om Mosambiek toe te trek. Hulle gaan saam met Grant en Riana Franke onder die Nahara-mense werk.

Dis darem lekker om op die motorfiets te kan klim en grense oor te steek. Ek het so darem ’n klein bietjie moeite gedoen om nie net op die grootpaaie te ry nie. Daar was ’n paar kortpaadjies ingereken. Die sand het my ’n paar lesse geleer, maar ai, dit was lekker!

In Maart het ek Thato en



Nkamo se gemeentes in Botswana besoek. Sending en uitstuur van sendelinge is vir hulle ’n baie vreemde konsep. Aanvanklik was hulle nie baie positief nie, maar na lang gesprekke en ’n preek of twee het hulle die geleentheid met albei hande aangegryp. Dit is ’n wonderlike begin vir die twee gemeentes om leiding te neem. Daar is soveel potensiaal om sendelinge te mobiliseer en uit te stuur.

Ek is verder ook betrokke by ’n baie opwindende inisiatief om sendelinge te mobiliseer. Ek werk onder andere saam met *Ethnos* (’n nuwe sendingorganisasie) om ’n beweging onder studente aan die gang te kry. Die eerste van ’n reeks kampe is agter die rug. Ek is maar net opnuut daarvan bewus dat dit ’n seisoen van oorgee en mobilisering van die volgende geslag sendelinge is. Bid saam met ons dat die regte mense hierdie geleenthede bywoon.

**Navrae**: august.basson@aimint.org



**STELLENBOSCH MOEDERKERK**
DROSTDYSTRAAT 2
7600 STELLENBOSCH

TEL: 021 883 3458
FAKS: 021 886 4041
kantoor@moederkerk.co.za
www.moederkerk.co.za

LERAARSPAN
ALLE URE: 074 354 0088
Marie Britz
Richard van Wyk
Jan van Zyl
Irénée Heyns
Johan van der Merwe
Angelique Havenga
Lionel Hutton

JONG VOLWASSENES

## *Ons kan nou in lewende lywe kuier!*



Die jaar 2022 het afgeskop met 'n nuwe afwagting onder mense om weer tyd saam met ander te bestee, om nuwe mense te leer ken en om *'n sin van gemeenskap* (dit waarvan die COVID-pandemie ons beroof het) te herontdek en te beleef. Dit is ook waar van die jong volwassenes van Moederkerk/Kruiskerk en sedert die begin van vanjaar is daar inderdaad lekker saamgekuier.

Elke Donderdagaand om 18:00 word daar in die Kerkhuis saam in groepe oor die teks en tema van die week gesels. Sedert die begin van die jaar het byna elk van dié samekomste in persoon plaasgevind – dit is 'n groot voorreg omdat ons dikwels in die afgelope twee jaar hierdie sessies aanlyn moes bywoon. Hierdie samekoms loop dikwels oor na aandete êrens in die dorp, waar die byeenkoms in die geselligheid van 'n restaurant voortgesit word



'n Hoogtepunt van ons samekomste vanjaar was die pizza-kuier wat op 17 Maart plaasgevind het. Tydens hierdie kuiergeleentheid het meer as 40 jong volwassenes van die gemeente by die Kerkhuis ontmoet, waar ons nie net lekker pizza geëet en 'n glasie wyn geniet het nie, maar ook heelwat nuwe mense kon leer ken.

Ons sien uit na die res van 2022 as 'n jaar waarbinne ons nuwe bande met ander kan smee, waar ons dieper in die Woord kan delf en waarlik as gemeenskap van gelowiges saam kan reis. Indien jy graag meer inligting oor die Jong Volwassenes-bediening, ons Donderdagaand-samekomste of kuiergeleenthede wil hê, skakel gerus met ons by jv@moederkerk.co.za.

***Angelique Havenga***

VOEDINGSAKSIE

## *Altyd nuwe monde om te voed*




Eers handjies ontsmet...

**Liesel Koen** skryf: "Die voedingsprogram by *Vision Afrika* Primêre Skool het met groot sukses afgeskop. Ons het al klaar baie positiewe terugvoer van die skool se personeel ontvang. Die kinders is baie opgewonde en dankbaar om die maaltye te kan ontvang. Ons is deur een van die onderwysers ter ondersteuning van die 200 leerlinge op die grondslagfase genader.

"Daar is 'n groot behoefte aan skoolvoeding, omdat dit 'n privaatskool is en hulle dus nie hulp van die nasionale skoolvoedingsprogram kan ontvang nie. Baie van die leerlinge kom honger skool toe, of met 'n onvoldoende, of amper leë, kosblik.

"SVA het op versoek van die onderwysers kosvoorrade vir die voorbereiding vir gebalanseerde maaltye 'n aantal dae per week begin voorsien.

"Ons ondersteun ook reeds vir 'n hele aantal jare die *Ikhaya Crèche* van *Vision Afrika*."




Geluk is...
...'n vol kosbakkie!

## Samewerking met ’n ander Studentehulpfonds

Masandise het vanjaar ’n wonderlike nuwe oes van eerstejaarstudente ingeneem. Daar is ook ander inisiatiewe, soos nuwe samewerkingsooreenkomste met ander instansies wat studente help. Een van hierdie is ’n geregistreerde nieregeringsorganisasie genaamd Blessingbucks, wat vir drie van ons nuwe studente van ’n maandelikse stipendium voorsien. Hulle hou blykbaar eenmaal per jaar ’n groot fondsinsamelingsfunksie, waarheen begunstigdes ook genooi word en waar hulle ’n geleentheid kry om te praat. Een van ons eerstejaars (vir wie Masandise wel klere, ’n skootrekenaar en selfoon aangeskaf het), het hulle as volg bedank:



Sango hou trots sy nuwe skootrekenaar van Masandise af vas

*“Hello everyone, my name is Sango Gaga and I am one of Blessingbuck's recipients. I am thrilled to be given this opportunity to stand in front of everyone and express my thanks to Blessingbucks. ‘We must find time to pause and thank the people who make a difference in our lives,’ John F. Kennedy once said. — Jackie Kennedy*

*“As a result, I am here today to do so, and I am grateful to Blessingbucks for spotting the potential to finance me, which has made my life a lot easier and allowed me to focus more on my academics rather than worrying about money. I'm delighted today since I don't have any burdens on my shoulders. I'm just like every other student on campus.*

*“Last but not least, I'd like to tell Blessingbucks and the funders to keep up the good work and impact the lives of those children who are in severe need, because the hand that gives out is more blessed than the hand that receives. God bless you all, and I appreciate it.”*

Sango se mentor

## Wie kan help?

MASANDISE STUDIEHULP



Eerw Nokubonga Pearl Tshibika het einde 2021 haar BTh-graad aan die Universiteit Stellenbosch behaal. Sy is nou ‘n geordende Presbiteriaanse predikant, met ’n roeping om die armstes van die armes binne haar Khayelitsha gemeen-skap van die Evangelie te bedien.

Die gemeente in Kayelitsha waar sy woon en werk, meesal werkloses, oues van dae en kinders, kan egter nie enige vorm van salaris vir haar bekostig nie.

Pearl het reeds ’n halwe leeftyd gestreef om te kom waar sy nou is: sy het sedert sy matriek in 1994 geslaag het, as algemene werker, bakster, beheerkameroperateur gewerk en oplaas as studentetutor vir eerstejaars by Afrikatale aan US gedien.

Haar besondere talent is as berader binne haar gemeenskap en gemeente . Om haar roeping te kan uitleef, moet sy as “tentmaker” ’n alternatiewe salaris bekom en het dus in die geloof vanjaar vir ’n nagraadse diploma in die onderwys aan US ingeskryf. As onderwyseres sal Pearl haar beradingstalent verder ten bate van die kinders binne haar gemeenskap kan gebruik. Sy val weens haar ouderdom buite Masandise en ook die United Gemeente van Stellenbosch se gewone beursteikengroepe, maar ons help haar tans om na alternatiewe befondsing vir haar klasgeld te soek.

‘n Weldoener uit die VSA het haar daaglikse vervoer na Stellenbosch vir ’n aantal maande geborg, maar dit sal nie tot November strek nie, en sy kort meer vervoergeld. Moederkerk se Uitreikfonds het gehelp met haar registrasie. Haar klasgeldlas lê nog steeds soos ‘n berg voor hierdie toegewyde jong predikant.

Wie kan help? Donasies kan via Stellumthombo geskied (met Artikel 18A belastingafslag). Streng kontrole sal uitgeoefen word.

**Kontakbesonderhede**: 0659827829; ptshibika@gmail.com

STELLUMTHOMBO

MASANDISE STUDIEHULP

# WINTER IS COMING

## MASANDISE WINTER WISKUNDE-SLYPSKOOL 2022

### Hoe Werk dit?

Masandise gaan oor die Junie/Julie vakansie ’n Winter Wiskunde-Slypskool aanbied vir leerders vanuit Lückoff - en Kylemore Hoërskool.

Ervare Gr 12 onderrigpersoneel bied elke oggende ’n lesing aan. Daarna sal ervare tutors beweeg tussen leerders, om bystand te verleën terwyl hulle oefen vraestelle uitwerk.

Al die sessies gaan by die Khaya aangebied word van 27 Junie tot 1 Julie, van 08h00 - 14h00.

### Hoe kan jy Help?

Jy kan ons gerus kontak as jy wil betrokke raak as ’n tutor of as jy finansiële bystand wil gee om die program moontlik te maak. Let wel tutors en onderrigpersoneel moet deeglike kennis hê van huidige Gr 12 wiskunde en moes verskieslik onlangs met die inhoud gewerk het.

Van die koste wat gedoek moet word is:

- Tutors en onderrigpersoneel wat vergoed word.
- Vervoer: Taxi-vervoer vanaf sentrale punte in areas.
- Versversings: ’n Ligte maaltyd en versnaperinge
- Materiaal: Wiskunde-werkboek van graad 12 KABV-vraestelle.

KONTAK ONS GERUS BY:
INFO@STELLUMTHOMBO.CO.ZA
084 547 1143

Stellumthombo SnapScan

# Nuwe Dinge by STELLUMTHOMBO


Dans met 'n baba

## *Early Childhood Development* = Vroeë kinderontwikkeling

Ons het vanjaar 'n paar nuwe kursusse bygevoeg om onderwysers in VKO (Vroeë kinderontwikkeling) te help om die beste kwaliteitonderrig aan kinders te gee. Ons was baie bevoorreg om 'n "musiek in die kinderjare"-slypskool saam met Karin Meyer aan te bied. In hierdie kursus het onderwysers geleer hoe om musiek gereeld in klasverband aan te bied, al het hulle nie altyd musiekinstrumente tot hul beskikking nie.

Ons het ook in samewerking met die *Lego Foundation* se vennoot in Suid-Afrika, *Care for Education,* 'n ouerskapprogram ontwikkel. Hierdie program is volgens ouderdom ingedeel. Dit help om 'n sterk band (*attachment*) tussen ouer en kind te vestig en ook om die kind te stimuleer om mylpale na te streef en om só vir leer gereed te te word.

Van April 2022 af is alle VKO's onder die Departement van Basiese Onderwys (DBO). Ons is versigtig opgewonde oor die skuif van die DMO (Departement van Maatskaplike Ontwikkeling) af na DBO. Stellumthombo, as spelgebaseerde instansie, sal graag wil sien dat vroeë kinderonderrig spelgebaseerd bly, maar ook dat alle grondslagfaseonderrig meer spelgebaseerd word. Kinders leer die beste deur speel. Speel help ook om kernvaardighede soos kommunikasie, groepwerk, emosionele regulering, probleemoplossing en vele ander vaardighede te ontwikkel.

Ons is baie opgewonde om nuwe skole te ondersteun en deel van die Stellumthombo-familie te maak. As jy weet van 'n VKO-instansie in die Stellenbosch area wat ondersteuning nodig het, laat ons asseblief weet.

*Arina Scheepers*

*Die Fontein vir Stellenbosch*


Musiek in die kinderjare —hoe om dit te bevorder

## Geletterdheid

Suid-Afrika het 'n geweldige probleem wat kinders se geletterdheid betref. Meer as 78 % van kinders bereik graad vier sonder dat hulle met begrip kan lees. By Stellumthombo weet ons voorsorg is beter as nasorg en, as ons hierdie probleem wil aanspreek, is graad vier té laat om te begin. Die beste pad vorentoe is om kinders van 'n vroeë ouderdom af te ondersteun om al die vaardighede wat vir lees benodig word, te ontwikkel.

Met behulp van ons vrywilligers het ons het ons in die tweede kwartaal met Graad R-leerders van Cloetesville begin werk as deel van ons geletterdheidsprogram. Graad R is nog 'n tyd van ontluikende skryf, waar kinders voor-leesvaardighede (*pre-reading skills*) ontwikkel, wat hulle in staat stel om in die toekoms met begrip te leer lees. Ons gebruik spelgebaseerde leer, wat al die kinders se sintuie én hul lywe by die leerproses betrek, om die gepaste vaardighede vir graad een te ontwikkel.

*Weybrandt Aucamp is is verantwoordelik vir hierdie kursus.*


Kinders oefen om letters in skuim te skryf


'n Tutor lees 'n storie voor

**Vir meer inligting:**

**ECD / VKO**:
Arina Scheepers: arina@stellumthombo.co.za

**Geletterdheid**:
Weybrandt Aucamp: weybrandt@stellumthombo.co.za

Bydraes tot Stellumthombo se verskillende projekte vir 2022-23 word met dank ontvang:

**Bankbesonderhede:**
**Stellumthombo NPC**
**Nedbank Takkode: 107110**
**Rekeningnommer: 113 069 7630**
**Verwysing: Stellumthombo / Masandise Studiehulp / Winterskool / Eerw Pearl Tshibika**

**Kry belastingvrystelling vir jou donasies by die Kerk se saakgelastigde:**
marianne@moederkerk.co.za

STUDENTEBEDIENING: STUDENTELERAARS BERIG

# Kruiskerk kóók!

Ons deel graag ons dankbaarheid oor die afgelope paar maande se **studentebediening** mee. Soos elkeen van ons, is studente besig om hul eie storie te skryf.

Ons rol en roeping is om studente op hul geloofspad saam met God te begelei — om saam met hulle op reis te gaan en hulle te help om aan hul geloofsverhaal te skryf .

Studente se toewyding, kreatiwiteit en energie ken geen einde nie en dit maak die bediening aan studente beide 'n groot vreugde en 'n lekker uitdaging.






## EERSTEJAARSKAMP

Die **Eerstejaarskamp** is jaarliks een van ons hoogtepunte. Ons is baie dankbaar dat dit vanjaar weer kon plaasvind nadat Covid-regulasies dit verlede jaar verhoed het. Alhoewel ons die getalle moes beperk, kon ons met 200 eerstejaars en 80 studenteleiers gaan kamp. Die atmosfeer en diepte van die kamp word deur die studenteleiers bepaal, en ons is baie dankbaar dat, ten spyte van die afgelope twee jaar se uitdagings, daar steeds 'n sterk groep ouer studente is wat saam kom kamp het en sodoende die kultuur van Kruiskerk sigbaar gemaak het. Die kamp behels onder andere impaksessies met sprekers, *praise & worship*, watersport, 'n *colour run*, stiltetyd en oorgenoeg tyd vir ontspanning. Hierbo is so 'n paar foto's van hierdie onvergeetlike ervaring. IH

VOLG ONS OP **INSTAGRAM** OM TE SIEN WAT ALLES BY **KRUISKERK** GEBEUR
















## EREDIENSTE

**Eredienste** speel ook ’n baie belangrike rol. Om Sondag ná Sondag in die erediens te sit, is soveel méér as om net na ’n gesellige byeenkoms te gaan. In ons eredienste droom ons oor ’n wêreld wat God s’n is, ’n wêreld waar God óns sy medewerkers noem. Dit is ’n wonderlike voorreg om weer weekliks in ’n vol erediens saam te kan aanbid. Ons eredienste word ook steeds regstreeks op *YouTube* uitgesaai.

Kruiskerk is ’n outentieke geloofsgemeenskap, waar ons ruimtes van ontmoeting en verdieping probeer skep sodat studente in hul verhouding met God, met mekaar en met sy wêreld kan groei. Een van die wyses waarop ons dit doen, is deur **kleingroepe,** wat ’n veilige ruimte skep vir studente om mekaar geestelik en emosioneel te ondersteun (sien berig hieronder). Ons is dankbaar dat daar weekliks 350 studente in kleingroepe bymekaarkom.

## UITREIKE

Ons glo ook dat Christus ons ter wille van ander roep, en daarom het studente die geleentheid om by een van Kruiskerk se **aksies** in te skakel en só ’n verskil te maak: Transkei Werkersaksie, Lesotho Hoop-projek, Atlete vir Christus, Trap der Bosch (Cloetesville), as tutor by Legacy (Kayamandi), en/of by die leesprogram van Stellumthombo. Ons is baie dankbaar dat al ons Junie-Julie spanne weer vanjaar op hul uitreike kan gaan.

**TEN SLOTTE:** Dit is ’n voorreg om saam met studente hierdie pad te kan stap. Hul meelewing en toegewydheid bly ’n groot bron van inspirasie.

*Irénée Heyns*

## Studente spring flink uit die vere!



Elke Dinsdagoggend tussen 07:00 en 08:00 kry die Khaya lewe met studente wat van dwarsoor die kampus en die breër Stellenbosch hier vir die weeklikse grootgroepsamekoms bymekaar kom. Hierdie geleentheid het ten doel om kleingroepleiers vir hulle sessies in die komende week voor te berei. Dit is ook ’n gesprekruimte waarheen enige student wat nie by ’n kleingroep inskakel nie, uitgenooi word.

Tydens hierdie samekoms word daar eerstens ’n koppie koffie en beskuit geniet (dit is immers nog vroeg in die oggend!), waarna die studente in groepe rondom tafels gaan aansit. Die studente word dan in ’n oomblik van stilte begelei, waarna die skrifgedeelte van die afgelope Sondag voorgelees word.

Hierná word die teks en die verskillende vrae wat daaruit spruit, binne die groepe bespreek. As laaste rondte van gesprek, word om elk van die tafels se terugvoer oor hulle nadenke gevra en hulle kry hiermee die geleentheid om ook ’n wyer gesprek tussen die tafels te voer.

Hierdie samekoms is ’n hoogtepunt in Kruiskerk se week, omdat die studente nie skroom om moeilike vrae te vra nie en omdat hulle mekaar uitdaag om dieper in die teks te delf (en dit gebeur alles nog voor die eerste klas van die dag!). Die grootgroepsamekomste is ’n ruimte waarbinne studente God in die teks en in mekaar se woorde en denke ontmoet.

Dit is ook ’n geleentheid wat ons as predikante telkens met nuwe inspirasie en insig die dag instuur.

*Angelique Havenga*




















*Wat en wie was alles en almal daar?*



NABETRAGTING DEUR ILANA KILIAN EN RICHARD VAN WYK

# *Dit was lekkerrrrrrrrr!!!*

Ná twee jaar van inperkings, het ons jaarlikse KUIERFEES 'n nuwe feesblaadjie aangetrek! Ons het sommer die hele naweek feesgevier en saamgekuier. Vanjaar het ons behoorlik tent buite die Hof-meyrsaal opgeslaan.

Die fees het met ons immergewilde Burger-aand afgeskop. Bestellings het ingestroom, vure het gebrand en gesinne, kleingroepe en vriende het mekaar ontmoet, saam gekuier en rondom tafels onder die tent met sy feesliggies gesels.

Die Feesnaweek was dus ingewy en Saterdag het ons "gebasaar" soos van ouds! Daar was stalletjies te kies en te keur, selfs heerlike kinderspeletjies en 'n lekkergoedtafel wat jy nie kon vermy nie.

Die doel van die Kuierfees was ook om nuwe entrepreneurs te ondersteun en ruimte te skep waar studente-aksies fondse kon insamel. Die uiters doeltreffende bakkers van Atlete vir Christus het niemand laat wag vir 'n soet pannekoek nie; daar was gevulde, liplekker vetkoeke van die Lesotho Hoopprojek, vars tuisgebakte produkte van Klapmuts, Stroopsoet se nuwe produkte op die dorp, Utopia se skatte, Transkei Werkersaksie se immergewilde basaarpoedings, 'n skatkamer vol tweedehandse boeke, klere wat jou geloof in tweede kanse herstel, varsgebakte brode van Mano's, koeldranke en roomys van Trap der Bosch.

Die liplekker Kafeteria het omtrént vir honger en lus magies bont-gestaan. Daar was ook vars groente en vrugte, die allermooiste geskenktafel en handgemaakte *quilts*, 'n koffiestalletjie, heuning uit die boonste rake, plaasvars vleis van Riviersonderend af en plaaslike olywe van Stillebos af.

Soos mense daar aankom, het die mooiste vars blomme en plante reeds die oog op die Hofmeyrsaal se voorstoep gevang. Die worsrolletjies se geure het jou al van onder in Kerkstraat af begroet.

Die pruimproe van die groot vrugteboer van Bon Esperance het ons almal 'n nuwe perspektief op die verskeidenheid van pruime gegee – dank aan Petrie en sy span meisies! Soos julle kan sien, was dit 'n fees van verskeidenheid, 'n fees wat ons kerk se feestelike tema ingelui het en 'n fees wat wil dankie sê: dankie vir verrassende vrywilligers, getroue ondersteuners, onbaatsugtige hulp, sakke vol vrygewigheid en betrokke feesgangers!

SENIORBEDIENING

# Utopia sê dankie!




By Utopia se tafel, van links na regs: Naomi Leuvennink., Elsa Giliomee en Elize Stemmit

Die Moedergemeente het basaar gehou en hulle het nie van Utopia vergeet nie!

Die tafel wat aan ons toegeken is, was 'n heerlike deurmekaarspul, 'n ware *potpourri*, van beertjies tot koekies, van prestige wyn tot afgeleefde klere, van 'n mikrogolfoond tot Ouma se handgeborduurde linne, en nog veel meer.

Baie dankie, Moedergemeente! Ons het goed gevaar en beplan nog watter gate ons hier in Utopia met hierdie geldjies gaan toestop. Ons hoop dat al julle insette vir die basaar ook vir julle die moeite werd was, veral wat betref die finansiering van julle reuse-liefdadigheidsprojekte.

Mag die Here julle seën!


Vriendelike groete,
Elsa Giliomee
(namens al die tannies en 'n paar omies)

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

STOEPSTORIES

Eudore Allers skryf:

# Moeder Eben se sitstaking



Bellevue Seminarie, gebou 1869, nou 'n Nasionale Monument

Moeder was die vierde kind van 'n brandarm sendelingpaar in Kaapstad. In hul geloof dat die Here hulle steeds deur donker tye sou dra, het hulle haar die naam van die kleine gemeente, Ebenezer, "Steen van hulp," gegee.

Sy het die naam met trots gedra en was inderdaad 'n sterk vrou.

Op veertig word sy die hoof van die ou Bellevue Hoër Meisieskool op Somerset-Oos. Voor ons huis in Charlesstraat het een van die vele eikebome wat nog deur Lord Charles Somerset geplant is, gestaan.



Eben van Rouendal

Op 'n stormagtige dag beland daar 'n eiketak op die stadsklerk se sementdam en 'n krakie verskyn. Die man sweer wraak. Dadelik moet al wat eikeboom is, drasties gesnoei word.

Moeder se eerste stap van protes was 'n lang, roerende brief aan die "Somerset Budget" waarin sy pleit teen die permanente "verminking" van die historiese bome, met die gevolglike swak beeld van die mooi dorp as toeristebestemming. Sy het afgesluit met die laaste reël van Joyce Kilner se gedig, *Trees*: "*Only God can make a tree.*"

Toe dit nie slaag nie, word sy 'n aktivis. Sy wag geduldig dat die werkers haar boom benader. Op die gegewe dag stokkiesdraai sy by haar eie skool en maak haarself onder die boom met 'n boek tuis.

Die dringende pleidooie dat Mevrou asseblief moet opstaan dat hulle kan werk, ignoreer sy koeltjies.

Háár boom is toe die enigste wat nie vermink is nie. Daarna kry sy verlof om haar tuinmuurtjie te verleng sodat die boom binne die erf staan. Koste? Een sjieling (tien sent) per jaar…

DOOP EN BELYDENISAFLEGGING

# ’n Ware lidmaatontploffing!

Tussen 1 Januarie en 31 Mei vanjaar is nie minder nie as dertig babas gedoop.

Op 4 Mei het twintig jong dooplidmate belydenis van geloof afgelê.

Moederkerk verwelkom al hierdie jong lidmate met ope arms en dankbare harte.


Ons bede is dat hulle almal volwaardig deel van die Lewende Stroom sal wees en God se liefde aan ons gemeenskap en die héle wêreld sal help uitdra. *Red.*

*Die foto’s is deur Ilana Kilian versamel.*



Albie ENSLIN


Leah & Lucy O’DRISCOLL


Tinus MüLLER


Jacob DIENER


Xander VAN ROOYEN


Kate VAN DER WESTHUYZEN



Cillié MALAN



Sofia VAN DER MERWE


Bertus VAN NIEKERK


Annabel MALHERBE



Ewan VAN DER MERWE


Nika NIEUWOUDT


Leah CILLIERS



Lana THERON



Ben & Liam VAN DER WALT


Liam HEITZ


Annali DE JAGER



Olivia RANDALL


Emma SMIT


Erick ROSSOUW



Daniel FERREIRA



Nina COETZEE


Mikayla PIENAAR


Dawid FOURIE


Multigeneratief bladsy 14


Daniël ALBERTYN


Therése BLAKE

**Links:**
Twintig nuwe belydende lidmate word aan die Gemeente voorgestel
4 Mei 2022
*Foto van Youtube deur die redakteur afgeneem*


Ruah & Ruben VON SOLMS

VERHOUDINGS MET JESUS EN MET MEKAAR

# Die gister, vandag en môre van tienerbediening



Daar is ’n oortuiging wat ’n mens gereeld oor tienerbediening hoor: “Die toekoms van Jeugbediening lê in kleiner groepe, meer intieme ontmoetings en ’n ‘kuier eerste, kerk tweede’- benadering.” Dit het my laat wonder waarom daar altyd ’n téénstroombeweging is as dit by tienerbediening kom.

Hoekom is ’n kerk vir tieners gereeld onherkenbaar anders as die gevestigde gemeente waaraan dit gekoppel is? Waarom het die jeugbediening altyd ’n Engelse naam? En hoekom, as dit by tieners kom, probeer ons so informeel en *cool* wees, dat liturgie en tradisie geen plek meer het nie? So asof liturgie en tradisie nie *cool* kan wees nie.



Dit staan natuurlik alles teen die agtergrond van kinders wat in skole sit en leef waar tradisie, gewoontes en die saamdrom van massas die norm is. Maar om die een of ander rede dink ons dit is hierdie “formaliteite” in die kerk wat die tieners afskrik. Ek argumenteer juis vir die teendeel. Dat, indien ons nie die tieners aan liturgie en kerktradisie blootstel nie, ons hulle eintlik heeltemal van die kerk vervreem. Hier is die ding: dis *nie* ons liturgieë, ons gebruike en bediening aan groot groepe wat die kinders afskrik nie. Dis wanneer ons hierdie dinge doen en dit nie op Jesus in terme van egtheid (*reality*), relevantheid (*relevance*) en verhoudingsgesentreerdheid (*relationality*) dui nie.

Die grendelstaat en Covid-realiteit het veral een aspek van tienerbediening kom ontbloot: die verskil tussen vermaak en egtheid, en hoe die twee maklik teenoor mekaar kan staan as dit by die digitale wêreld kom. Tieners erken dat die digitale wêreld ’n beduidende rol in hulle wêreld- en selfbeskouing speel. Tóg tref hulle onderskeid tussen dit wat vermaaklik is, en dit wat eg is. Die kerk is vir tieners nie ’n “vermaaklikheid” nie.



Verder behoort ’n tienerbediening *nie* sy mantel na die wind van aanlyngiere draai nie. Tieners verlang na ’n ruimte waar die bediening bo alles *eg* is. En hier gaan dit oor mense wat hulle menslikheid en gebrokenheid erken, ’n bediening wat nie weghardloop van die moeilike vrae af nie, maar dit aandurf en erken dat die lewe en geloof kompleks is. ’n Tienerbediening is eg wanneer dit tieners in die realiteit van die lewe innooi, eerder as om hulle daaruit te laat ontsnap deur goedkoop vermaak en die vaandel van “hier kuier ons net.” Verder is dit noodsaaklik om te noem dat die “egtheid”-benadering nie die digitale opsyskuif nie, maar dit eerder omhels. Die samevoeging van die Engelse woorde, *digital* en *physical* tot “*phygital”* omskryf die benadering vanuit sulke egtheid die beste. Dis nie die een óf die ander nie, maar béíde. Dit is dáárom dat ons “relevantheid” ook reg moet verstaan.

Relevantheid in ’n tienerbediening is ’n tweeledige saak: relevansie op die oppervlak en die relevansie van dieper dinge. Wat die oppervlak betref: die tieners van vandag het ’n ingebore aanvoeling vir digitale-visuele kommunikasie. Dit wat ’n tienerbediening op sosiale media plaas, hoe die *PowerPoint* aanmekaar gesit word en die verwelkomingsgevoel wat vlaggies, *gazebo’s* en plakkate voor die kerk of saal skep, behoort met die beste in die wêreld van gasvryheid te vergelyk. Dit maak die ruimte modern en relevant in terme van die tieners se geleefde ervaring in die een-en-twintigste eeu.

Die pendulum kan wel nie net na die toekoms swaai nie en ons behoort konstant tussen die antieke en die toekoms in ons klem te wissel; so ook die digitale en die fisiese (die *phygital*). En dis hier waar die NG Kerk ’n besondere geskenk het om te bied, naamlik ons liturgie en ons viering van die kerkjaar.

In ’n sekulêre wêreld vol allerhande kitsbeloftes van min betekenis, selfhelp-gewoontes en “*21-dae tot ’n beter jy*”-kursusse, is ons viering van die Nagmaal, die Pinksterweek, Lydenstyd, Aswoens-dag, en ander feestydperke in die kerk nie nou nóg meer relevant as ooit tevore nie? Bied hierdie liturgieë en jaarlikse byeenkomste nie vir tieners ’n alternatief tot ’n harde en verganklike wêreld nie? ’n Tienerbediening behoort juis hierdie kerk- en gemeentetradisies te benut en die tieners binne te nooi vir die deelname hieraan.

Ten diepste is hierdie ook ’n geleentheid om tieners te leer hoekom ons doen wat ons doen en hoe elkeen van hierdie liturgieë op Jesus dui. Dis dáárom belangrik dat tienerbedienings modern en relevant in terme van hulle eie estetika is, maar dat die antieke aard van ons liturgieë en gebruike hier wel nooit hulle relevansie verloor nie. Tieners op soek na egtheid vind baie aanklank in antieke liturgieë wat as opnuut relevant binne hulle eie konteks voorgehou word.



Op stuk van sake is ’n tienerbediening nie veel anders as die bediening aan volwassenes nie. Mense wil kerk toe kom om God te aanbid en mekaar te leer ken.

Dit kom dus neer op *verhoudings*: ’n verhouding na Bo en verhoudings óm jou. Al is ’n mens hóé eg in jou benadering tot die bediening, of jy hóé relevant op die oppervlak en in jou liturgie optree, *sonder die bou van ’n verhouding met Jesus* en *met ander tieners* gaan ons jeugbedieninge altyd klein en eenkant bly. Dis dan eintlik ’n onherkenbare kerkdiens, met ’n vreemde naam, naas die gevestigde gemeentelike dienste. Dáárom behoort die bou van hierdie verhoudings die kern van enige tienerbediening te wees. En vanuit hierdie verhoudings spruit relevansie en egtheid natuurlikerwys voort.

Ten slotte, ’n tienerbediening se vitaliteit is afhanklik van stabiliteit. En dalk het die NG Kerk in hierdie verband juis ’n besondere geskenk om aan die jeug te gee. Die toekoms van enige tienerbediening is egtheid, relevansie en ’n verhoudinggesentreerde benadering wat tieners in hulle groepe terug kerk toe nooi.

*Lionel Hutton, Jeugleraar*



# Ouma vertel

## Wat is 'n Wonderwerk?

"Ouma, wat is 'n wonderwerk?" vra Leentjie.

"Laat ek dink," sê Ouma. "Onthou julle die storie wat die Bybelskrywer Mattheus vertel, die storie van die dogtertjie wat so siek was dat sy gesterf het?"

"O, ja,!" sê Ben. "En toe kom die Here Jesus in haar huis in, en hy sien al die mense wat huil, en toe, en toe..."

"Ja!" skree Leentjie amper. "Toe jaag hy die mense uit en sê hulle moenie so skree nie, want sy slaap net!"



"En toe sê Liewe Jesus vir haar: 'Talitha, koemi!' voeg Ben vinnig by voor Leentjie weer kan praat.

"Ek het 'n maatjie Talitha, Ouma!" gee Leentjie die storie 'n nuwe wending.

"Ja," sê Ouma, "Mense noem hulle dogtertjies soms so. Dit beteken juis 'Dogtertjie'."

"En 'koemi,' Ouma?" vra Ben.

"Dit beteken 'staan op!'" antwoord Ouma vinnig voor een van die twee haar weer kan onderbreek.

"En toe staan sy op en sy was gesond!" skree Leentjie opgewonde.

"Ja, sy was. Toe die dogtertjie wat dood was, weer kan opstaan en rondloop en praat, was dit 'n wonderwerk! En Liewe Jesus het die krag van God die Vader gekry om 'n dooie te kan gesondmaak."

"Ek verstaan," sê Ben. "Dit was 'n wonderwerk. Kry 'n mens vandag nog sulke wonderwerke?"

"n Mens kry dit wel, maar dis nou effens anders. Die liewe Here het vir dokters en ander wetenskaplikes nuwe kennis laat ontwikkel waar-mee hulle mense gesond kon laat word. Onthou julle nog hoe sleg ek gesien het? En toe kry ek 'n katarak-operasie en nou sien ek weer sommer baie lekker! Vroeër jare het mense maar blind geword. Dokters se kennis maak daagliks wonderwerke moontlik."

Ben en Leentjie stem albei saam. Ben wil 'n storie wat sy juffrou by die skool vir hulle vertel het, oorvertel, maar nog voor hy kan begin, spring Leentjie hom voor. "Ja, ons juffrou het ook vertel! Ouma, die seuntjie was nog baie klein en hy het 'n spaar-varkie gehad. Hy het dit graag geskud om te hoor hoe sy geldjies klingel. Maar toe word sy sussie sommer baie siek en..." Nou val Ben haar weer in die rede: "Ja, en die dokter sê sy moet 'n operasie kry om iets in haar brein te kan uithaal, want dit kan haar doodmaak. Maar haar pappa en mamma het nie genoeg geld daarvoor nie." En die pappa sê **net 'n wonderwerk** kan haar gesond maak.

"Die boetie was seker toe maar bang hy verloor sy ousus, nè?" vra Ouma. "Ja, net soos ek nie graag my kleinsussie wil verloor nie, al maak Leentjie my soms vies!" antwoord Ben.

"Ek weet!" skree Leentjie amper. "Toe breek hy sy spaarvarkie oop en tel sy geldjies. Daar was net een Rand en twaalf sente daarin. Maar hy het nie besef dis vreeslik min nie."

"Ja!" stem Ben saam. "Toe hardloop hy na die apteek in hulle buurt en stap na die toonbank waar die apteker met sy wit jas staan en pille tel. Hy sit die R1.12 op die toonbank neer en sê 'Oom, ek wil graag 'n wonderwerk koop!' 'Watse wonderwerk? Ek verkoop nie wonderwerke nie!' sê die apteker toe."

Leentjie vertel klaar: "Hy sê toe sy ousus is baie siek en hulle pappa sê **net 'n wonderwerk** kan haar gesondmaak. En toe gebeur die wonderwerk—daar staan 'n ander omie daar naby en hy vra die seuntjie hoeveel geld hy het, en toe sê die omie maar R1.12 is nét genoeg vir die wonderwerke wat hy verkoop!"

Ouma vra baie verbaas wat dit was en hoe dit moontlik is en Ben antwoord: "Die oom was al die tyd die hoof van 'n groot hospitaal in hulle dorp en hy het die ousus daar laat behandel en die dokters kon die groeisel suksesvol uithaal. Sy moes lank in die hospitaal bly, maar dit het toe alles net die boetie se R1.12 gekos!"

"Dit was beslis 'n wonderwerk!" sê Ouma. "Wat 'n mooi storie! Daar was eintlik twéé wonderwerke, dink ek: eerstens, dat die hoof van die hospitaal juis tóé in die apteek was, en dan, tweedens, dat die dokters die kennis en vernuf gehad het om die operasie te kon uitvoer. So gebruik ons Liewe Here vandag nog omstandighede én mense om verskillende soorte wonderwerke te laat plaasvind!"

JMC